



Dordt-Nuus



Gemeentebled Dordt Gereformeerde Kerke Orania en Alma (Los van GKSA) Mei 2024

ORANIA

Eredienstye: Sondag: Oggend: 10:00. Somer: Aand: 18:00, winter 17:00.

Katksiasie: Sondag: 8:45

Posadres: Posbus 13, Orania 8752; Kerkplek: CVO Skool Auditorium Orania

Skriba & Attes. Skriba: Oudl. Gerd Erasmus 053 207 0134 & 082 782 2985. e-pos: glerasmus@ncwnetonline.co.za of glerasmus@oranet.co.za Kassier: diaken Antonie Havinga 084 512 0146 & e-pos: antonie@itec.co.za

ALMA

Eredienstye: Sondag: oggend: 10:00

Katksiasie: Sondag: 12:00

Posadres: Posbus 62, Thabazimbi 0380

Keerkplek: Plaas Boekenhoutspoort Alma

Skriba & Attes. Skriba: oudl. Boete Erasmus 079 099 6887 e-pos: erasmusboeta@gmail.com

Kassier: Kassier: diaken Frans Voster 082 342 8637 & e-pos: dordtgereformeerdekerkalma@gmail.com

Skrifoorndenking

Skrifstudie

Prof L Floor (uit: Die Betroubare Woord – Kom na My, Matt.1-13, 1981:11,12)

Die kernteks in die Evangelie volgens Matthéus is 13:52: “Toe sê Hy vir hulle: Daarom is elke skrifgeleerde wat ’n leerling geword het in die koninkryk van die hemele, soos ’n huisheer wat uit sy skat nuwe en ou dinge tevoorskyn bring.” Om hierdie teks wentel die ganse Evangeliegeskiedenis. Jesus wys hier op ’n skrifgeleerde. Dis iemand wat die Woord ondersoek, wat die Bybel bestudeer. Dis belangrik en noodsaaklik om die Woord van God te ondersoek. Maar, so sê Jesus, sal ons Skrifstudie vir ons persoonlike, geestelike lewe vrugbaar wees, dan moet ons as ’n skrifgeleerde ’n disipel word van die koninkryk van die hemele.

Die skrifgeleerdes uit Jesus se dae het die Woord van God (die Ou Testament) bestudeer en geken (2:4,5). Hulle het wel die Woord van God geken, maar nie by die God van die Woord uitgekom nie (Joh.5:39,40).

’n Skrifgeleerde, ’n Skrifstudent, moet ook ’n dissipel, ’n leerling in die koninkryk van die hemele wees. Dan gaan die Skrif vir ons oop, dan is die Bybel vir ons soos ’n voorraadkamer waaruit allerlei skatte, nuwe en ou dinge, te voorskyn kom.

In die konteks van Matthéus word twee begrippe met mekaar verbind: *leerling* en *koninkryk*. Hierdie verbinding tussen koninkryk of koningskap en leeronderrig vind ons ook in die slot van Matthéus se Evangelie:

– Jesus het alle mag ontvang (28:18)

– Alle nasies (Volke) moet geleer word (28:19)

Die onderrig van die volke staan hier in die kader [omgrensing] van die koninkryk van God.

Die leeronderrig is nie net bedoel om kennis te versamel nie, Onderwys in die koninkryk van God is op navolging gerig.

In die onderwys van Jesus soos Matthéus dit opgeskryf het, gaan dit dus nie alleen om die hoor van Sy woorde nie. Christus beklemtoon in die kragtige slot van die Bergprediking met nadruk dat ons wat Hy geleer het, ook moet dóén (7:24).

Skrifstudie mag nie bloot versameling van kennis wees nie. Dit moet ons *geloof* versterk, ons hande en voete in *beweging* bring, ons tot navolging van Christus (16:24) aanspoor. In ieder geval is die Evangelie volgens Matthéus uitnemend geskik vir Skrifstudie. Sy talryke verwysings na die Ou Testament bring mee dat hierdie boek hom by uitstek vir indringende Skrifstudie leen.

* * * * *

Van die kerkraad se tafel

ORANIA:

Opsegging van lidmaatskap: Die gesin Nothnagel het hul lidmaatskap met ons gemeente beëindig. Dit is met leedwese dat die verskille nie opgelos kon word nie en hulle verkies het om bande te verbreek.

* * * * *

Seënbede

ORANIA: Verjaarsdae: Mag die volgende br’s & sr’s wat in Mei verjaar, die seën van die Here ryklik ervaar; Daniel du Toit 4de; Kobus Venter 6de; dl. Johan Marx 11de; Gert-Dawid Tomlinson 12de; sr, Christina Havinga 12de; dl. Marioné Marx 26ste; diaken Gerry Tomlinson 29ste en oudl. Pieter Steenkamp die 31ste.

Huweliksherdenking: Br & sr Daniel en Rinie du Toit word alles wat mooi is in die Here toegebid vir hulle huweliksherdenking op 15 Mei.

ALMA: Verjaarsdae: Die volgende br’s word van harte gelukgewens met hulle verjaardag in Mei. Mag julle die Here se seën in die jaar wat voorlê ryklik ervaar, - oudle Emil de Villiers die 2de en Boeta Erasmus 27ste.

* * * * *

Lief en leed

ORANIA:

Siekte: br Daniel du Toit is nog maar steeds moeg, maar hy is soveel beter dat hy eredienste toe kan kom. Br. Pieter Steenkamp is eers met sy maag, toe met ruggyn en toe met griep en longontsteking platgetrek. Hy is ook moeg weens lae bloeddruk, maar kan al opstaan. Mag die Here julle albei weer sover sterk dat julle weer voluit in Sy koninkryk mag arbei. Sr Lucy Morgan het 'n uitslag soos inflammasie op haar bene wat jeuk en baie pynlik is. Die medikasie wat sy kry skyn nie te help nie. Ons bid dat die Here haar spoedig sal genees en sy weer voluit in Sy diens mag arbei.

Oorsee vertrek: br Lindenberg Tomlinson se visum was toe skielik reg en het hy binne enkele dae vertrek. Dus is hy nou in die VSA om sy brood en botter te verdien. Mag jy daar ook die Here eer waar jy daar rondbeweeg.

Oorlede: Ons innige meegevoel met Kobus en Elsie Venter en gesin met die skielike afsterwe van hul skoondogter op 17 April. En nou minder as 3 weke later is Kobus se jongste broer skielik vanoggend, 2 Mei oorlede. Vir hierdie dubbele verlies wil ons aan julle die Here se ryklike vertroosting toebid.

ALMA:

Siekte: br Boeta Erasmus se vader is ernstig siek. Hy is in die intensiewe eenheid van die Acasia-hospitaal opgeneem en aan 'n ventilator gekoppel. Hy het 'n baie hoë infeksietelling. Ons vra dat daar vir hom voorbedding gedoen sal word.

Huwelik: Sr. Rencia de Villiers word gelukkigwens met die eerste kleinkind wat in die huwelik bevestig word. Haar kleindogter, Petria Zeevaart, is op 27 April met Christiaan Appelgryn in die huwelik bevestig.

God, die Vader.

Christina Vorster

Ons sien dat daar 'volksgenote' is wat in die gewoonte verval om bloot te praat van "vader" wanneer hulle na die God van die Bybel verwys, bv. "Vader het aan my geopenbaar..." Hulle sal dan selfs die woord "Abba" gebruik, en dit val ongemaklik familiêr op die oor. Dit is kenmerkend veral by dié wat inval by Charismatiese of Judaïstiese (Israelvisie) geloofs-oortuigings.

Waarom sou hul dit doen?

Nêrens in die Bybel word na God verwys as bloot "Vader" nie, behalwe waar Hy aangeroep word 1. in gebed deur Sy Seun, Jesus Christus (in 6 gedeeltes) 2. deur Sy kinders, deur die werking van die Heilige Gees, as "Abba, Vader!" (in 2 gedeeltes).

As hierdie volksmense die Bybel regtig ken en lees, soos hulle beweer, sou hulle tog weet om met heilige eerbied na God te verwys soos dit in die Bybel staan, as "die Vader". So het ons gelowige voorgeslagte dit gedoen – omdat dit so in die Bybel staan – en so moet ons dit ook doen.

Ons God is nie sommer net "vader" nie. Die een wat ek 'vader' (pa, pappa) noem, is die man wat hier op aarde deur God aangestel word om my groot te maak en kos te gee. Maar God is die Almagtige, ewige God en Vader – ons moet Hom met heilige respek nader, en Hom nie aanspreek soos ons, ons aardse vader aanspreek nie.

Hy is ook nie "my Vader" nie, Hy is 'onse Vader'. Hy is die Vader van al Sy kinders van voor die grondlegging van die wêreld af - nie net van my nie. In die Bybel vind ons ook net dat die Here Jesus Christus self na God verwys of Hom aanspreek as 'My Vader', en ook as 'Vader' wanneer Hy Hom aanroep (aan die kruis (Luk.23:46), die hoëpriesterlike gebed, Joh.17, en Math. 11). Niemand anders nie.

En vandat Hy vir ons die voorhangsel weggeneem het en ons nou as kinders by ons Vader mag ingaan, roep ons Hom aan as "onse Vader".

Mens mag wel vra: Maar waarom kan ek Hom dan nie aanspreek as 'Vader' of 'my Vader' nie, as Christus dit gedoen het? Ek is tog nou broer, en mede-erfgenaar? Christus stel immers die voorbeeld?

Juis, ons moet Christus navolg en Hy leer ons: "So moet julle dan bid: Onse Vader wat in die hemele is..." (Mat. 6:9)

Deur so te bid, sluit ons dan ook onself in by die gemeenskap van heiliges deur al die eeue. Hy is ons álmal se Vader...

'n Laaste woord:

Miskien het die leser dit reeds raakgesien - daar is wel een gedeelte in die Bybel waar gemeld word hoe God aangeroep is, deur die volk, as 'My Vader'. Dit is in Jeremia 3. Dit is wel ook aanmerlik dat dit ook net op hierdie een plek in die Bybel gebeur dat mense God so aanroep.

Maar dan word dit duidelik uit die gedeelte, dat hierdie aanroep verkeerd was, omdat dit gekom het met valse bedoeling. Eers toe dit regtig sleg begin gaan het vanweë die Here se besoeke, is God aangeroep, en wel op dié valslik vertroulike vorm: "My Vader, die vertroude Vriend van my jeug...!"

Die aanroep was nie vanuit ootmoed en berou nie. Hulle het hulle juis nie bekeer nie, en die manier waarop hulle "nou eers" die Here aanroep, toe dit darem te sleg begin gaan, moes Hy vir hulle 'n uitkomstgewer wees. Toe hulle in die moeilikheid verkeer, word Hy skielik "My Vader" en "vertroude Vriend" genoem. Van hartgrondige bekering was daar nie sprake nie. Net van arrogante self-gerigtheid. Só mag ons die Here nooit aanroep of aanspreek nie.

As dit ons ingesteldheid is, om God te paai, of selfs te manipuleer, soos die volk Israel s'n was; of as dit ons idee is

om mense om ons te beindruk, soos die Fariseërs s'n was, wat op die straathoek gaan staan en bid het met vertoon; of as dit is om met valse hoogmoed te roem daarop dat God 'mý Vader' is, nie sýne nie.... dan doen ons baie verkeerd, en sal dit met ons gaan soos met dié wat buitekant aan die deur staan en klop en "Here, Here" roep, net om te hoor: "Ek ken julle nie..." (Luk. 13:25)

Daar staan ook:

"Nie elkeen wat vir My sê: Here, Here! sal ingaan in die koninkryk van die hemele nie, maar hy wat die wil doen van my Vader wat in die hemele is.

Baie sal in daardie dag vir My sê: Here, Here, het ons nie in u Naam geprofeteer en in u Naam duiwels uitgedrywe en in u Naam baie kragte gedoen nie?

En dan sal Ek aan hulle sê: Ek het julle nooit geken nie. Gaan weg van My, julle wat die ongeregtigheid werk!" (Mat 7:21-23)

Neem gerus die Bybel (soos ons dit het in Afrikaans, vanaf '33/'53) en 'n goeie Bybel-konkordansie en gaan dit self na.

Let dan ook mooi op na die heilige ontsag en respekbetoning, daar waar ons Skepper aangespreek of aangeroep word, of waar van Hom geskryf is.

Hy is nié ons pa, of pappa nie. Hy is die Almagtige, soewereine God en Vader.

.....
Vir die wat nie 'n konkordansie besit nie, word die skrifgedeeltes hieronder aangegee:

"Die Vader" (in 51 gedeeltes):

Luk. 9:26, Luk. 10:22; Joh 1:14, 18; Joh. 3:35; Joh. 4:21,23; Joh. 5:19-22, 23, 26, 30, 36, 37, 45; Joh. 6:27, 37, 39, 44-46, 57; Joh. 8:16, 18, 27, 29; Joh. 10:15, 17, 30, 36, 38; Joh. 12:26, 49-50; Joh. 13:1, 3; Joh. 14:6, 8-11, 13, 16, 24, 26, 31; Joh. 15:9, 16, 26; Joh. 16:3, 15-17, 23, 25-28, 32; Joh. 18:11; Joh. 20:21; Hand. 1:4, 7; Hand. 2:33; Rom. 6:4; Rom. 15:6; 1 Kor. 8:6; 1 Kor. 15:24; 2 Kor. 1:3; 2 Kor. 11:31; Gal. 1:1, 3; Gal. 4:2; Ef. 1:17; Ef. 2:18; Ef. 3:14; Ef. 5:20; Ef. 6:23; Filip. 2:11; Kol. 1:12, 19; Kol. 2:2; Kol. 3:17; 1 Thim. 1:1-2, 4; Hebr. 12:9; Jas. 1:17, 27; Jak. 3:9; 1 Petr. 1:2; 2 Petr. 1:17; 1 Joh. 1:2-3; 1 Joh. 2:1, 13, 15-16, 22-24; 1 Joh. 3:1; 1 Joh. 4:14; 1 Joh. 5:1, 7; 2 Joh. 1:3-4, 9; Jud. 1:1; Ef. 1:3.

"My Vader" (in 30 gedeeltes):

Ps. 89:27, 19, Mat. 7:21, Mat. 8:21; Mat. 10:32-33; Mat. 11:27; Mat. 12:50; Mat. 16:17, Mat. 18:10, 19; Mat. 20:23, Mat. 24:36; Mat. 25:34; Mat. 26:29, 39, 42, 53; Luk. 2:49; Luk. 9:59; Luk. 10:22; Luk. 24:49; Joh. 2:16; Joh. 15:17, 43; Joh. 6:32, 65; Luk. 18:19, 28, 38, 49, 54; Joh. 10:18, 25, 29, 32, 37; Joh. 14:2, 7, 12, 20-21, 23, 28; Joh. 15:1, 8, 10, 15, 23-24; Joh. 16:10, 28; Joh. 20:17; Openb. 2:27; Openb. 3:5, 21; Mat. 15:13; Mat. 18:35.

"Ons(e) Vader" (in 16 gedeeltes) en Ons Vader (in 2 gedeeltes):

Mt. 6:9; Luk. 11:2; Rom. 1:7; 1 Kor. 1:3; 2 Kor. 1:2; Ef. 1:2; Filip. 1:2; Kol. 1:2; 1 Tim. 1:1; 2 Tim. 1:1-2; Fil. 1:3; Gal. 1:4; Filip. 4:20; 1 Thes. 1:3; 1 Thes. 3:11, 13; 2 Tehs. 2:16.

En Jes. 63:16; Jes. 64:8.

"Julle Vader" (in 9 gedeeltes):

Mat. 5:16, 45, 48; Mat. 6:1, 8, 14-15, 18, 26, 32; Mat. 11, Mat. 10:20, 29; Mat. 18:14; Mat. 23:9; Mat. 11:25-26; Luk. 6:36.

"Sy Vader" (in 4 gedeeltes):

Mark. 8:38; Joh. 5:18; Openb. 1:6 en Openb. 14:1.

"'n Vader" (in 4 gedeeltes):

2 Sam. 7:14; 1 Kron. 22:10; 1 Kron 29:6; Ps. 68:6.

"Jou Vader" (in 1 gedeelte):

Mat. 6:4, 6.

"Hulle Vader" (in 1 gedeelte)

Mat. 11:25.

"Ewige Vader" (in 1 gedeelte):

Jes. 9:5

"Een Vader" (in 1 gedeelte):

Mal. 5:16

* * * * *

Homoseksueles se invloed op Bybelvertaling

Een van die medewerkers in die vertaling van die New International Version (NIV), Virginia Mollenkott, het openlik erken dat sy lesbies is. Watter invloed sou sy as stilis op die finale produk hê? In haar boek *Sensuous Spirituality* beveel sy aan dat die terme *he*, *him* of *Son* met *the One/one* vervang word. Want, sê sy (p. 126): „*male and God-language* het 'n ernstige wanbalans in die samelewing veroorsaak". *The One/one* is nóg manlik nóg vroulik. Ook ploeter sy met die okkulte soos Tarot-kaarte en outomatiese skrif (B, Marrs-Riplinger band). Die *New Agers* noem hul *New Age-Christus The Coming One of The Mighty One*, ook elders selfs Lucifer genoem. Die NIV gebruik deurlopend die onsydige woord *ONE/one*. Dit is duidelik dat die NIV-komitee Mollenkott se aanbevelings redelik ernstig opgeneem het.

Toe dit bekend word dat 'n lesbiër as deel van die NIV-span meewerk, het Kenneth Barker, senior vise-president van die *International Bible Society* (IBS) en uitvoerende sekretaris van die NIV-komitee, dit blatant ontken. Volgens hom het Mollenkott net aan die begin vir 'n kort rukkie saamgewerk en indertyd was haar neigings onbekend. Mollenkott ontken dit. Sy hét die volle tyd saamgewerk, en kan dit bewys, alhoewel haar lesbiese neigings moontlik net bekend was

aan Erwin Palmer, uitvoerende sekretaris van die NIV. Dus is een van die NIV-medewerkers nog 'n blatante leuenaar ook. Hoe sal mens nou weet wanneer hy die waarheid praat en wanneer nie, ook wat sy *vertaalwerk* betref? Deur sy heftige reaksie en dreigemente van lasteraksies klink dit asof hy iets wou toesmeer (B, Cloud, *Two Homosexuals*, 1997:3, 4).

Die *iets* was toe dr. Marten H. Woudstra, voorsitter van die OT-Komitee en 'n homoseksueel wat gereeld New York, met sy groot gay-gemeenskap, besoek het, ook terwyl hy aan die NIV gewerk het. Hy het ook van 'n „*Christian homosexual*” gepraat. Woudstra se deelname is ernstiger as Mollenkott s'n want hy was direk by die vertaling betrokke. Hy was ook betrokke by die verslag wat die *Christian Reformed Church* (1973) oor homoseksualiteit aanvaar het. Op bladsy 617 van dié verslag staan: „*It has been suggested that the use of these words [malakoi and arsenokoitai in 1 Cor. 6:9–10] stresses the activity rather than the condition of homosexuality*”. Dit is waarskynlik die redenasie agter die NIV se slim vertaling van hierdie verse nl. *homosexual offenders* (B, Cloud, *Two Homosexuals*, 1997:4–5). Strong gee die betekenis van *arsenokoitai* (nr. 733) aan as *sodomite, abuser of (that defile) self with mankind (= grownup human male — Imperial Reference Dictionary)*. *Malakoi* (nr. 3120) gee hy aan as *effeminate* (verwyfd). (Strong's Concordance, p. 16, 46) Albei woorde is selfstandige naamwoorde en nie werkwoorde of handelinge nie. Die NIV laat dus, in teenstelling met die ware betekenis, toe dat iemand 'n homoseksueel kan wees solank hy net nie *aanstoot* gee (*offend*) nie. Saam met Jeremy Woodstrok, 'n belangrike vertaler van die OT en homoseksuele simpatiseerder, kon hulle 'n groot invloed op die vertaling van sekere kernverse en -woorde uitoefen. Woodstrok is deur 'n homoseksuele groep as 'n „*long time friend of the EC ministry*” beskryf, 'n *ministry* wat glo dat iemand 'n homoseksueel én 'n Christen kan wees. Hy sê dat die Bybel niks bevat oor homoseksualiteit soos ons dit verstaan nie (B, band Marrs-Riplinger). In 1 Tim. 1:10 verander die NIV *sodomite* na *pervert*, wat die *sodomie* verbloem.

In 1988 is Zondervan en die NIV deur *Harper & Row, Publishers* (nou *HarperCollins Publishers*) oorgeneem. HarperCollins gee pro-homoseksuele en lesbiese boeke uit en is ook 'n dogtermaatskappy van *The News Corporation* wat insluit *Fox Broadcasting* wat o.a. van die wellustigste seksmateriaal vir TV vervaardig. Elke NIV wat mens koop help om mense wat hierdie pornografiese materiaal vervaardig, finansiële te versterk. Terry Watkins vra: „*Do you really believe God would allow his holy word to be 'owned' by that group?*” (B, Watkins, *The New International perVersion*, internet, s.a.). (oorgeneem uit Skrifgesag Deel 2:2009:129,130)

Vergelyk die volgende verse waarin die manlike vorm (*hom/him*) na die onsydige (*one*) verander, die *the ONE*, Maitreya, van die *New Age*, om die feministe tevrede te stel. Hierdie is maar enkele van die baie plekke waar dit voorkom:

	Reformatoriese vertalings	Modernistiese vertalings
Luk. 12:5	1933: vrees <i>Hom</i> AV: fear <i>him</i>	Jer: the <i>one</i> to fear NASV, NWT: fear this <i>One</i>
Joh. 6:46	1933: <i>Hy</i> wat van God kom AV: <i>he</i> which is of God	NIV, NASV: the <i>one</i> who is from God Jer: who has <i>his being from</i> God
Joh. 12:44 (12:45)	1933, AV: maar [glo] in <i>Hom/him</i> wat My gestuur het	Jer, NIV, NASV, LB: but in the <i>one</i> who sent me

Nog voorbeelde uit die honderde in die NIV (waaraan Virginia Mollenkott, 'n selferkende feminis, as stilis saamgewerk het) waar die onsydige woord *one* i.p.v. *Hy, Hom* of selfs *JHWH* (HERE) gebruik word. (Op enkele plekke is daar van die ander modernistiese vertalings wat gelykluidend is. Hierin sien mens die sterk invloed van iemand se lewens- en wêreldbeskouing op 'n Bybelvertaling):

	Reformatoriese vertalings	Modernistiese vertalings
Luk. 23:35	1933: die <i>uitverkorene</i> van God AV: the <i>chosen</i> of God	NASV, LB, Wms, RSV: <i>Chosen One</i> the Christ (Messiah)
Open. 1:18	1933: [Ek is] .. die lewende (manlik uit vs 17) AV: I <i>am</i> he that liveth	ASV, LB, NIV, NASV, TEV: the <i>Living/living One/one</i> Wey, Amp: <i>E/ever-living One</i> ... [Geen enkele Griekse teks het <i>One</i> nie]
Open. 11:17	1933: Almagtige, wat is en wat was <i>en wat kom</i> ... AV: Almighty which art, and wast, <i>and art to come</i> ...	NIV, TEV, NWT: Almighty, the <i>One/one</i> who is [<i>and to come</i> — weggelaat] NAV, LB, RSV, Jer, ALB, Amp: Almagtige, wat is en wat was [<i>en wat kom</i> — weggelaat]

Deur semantiek word mense mislei, soos Walter R. Martin dit stel: „*Die kulte benut/trek voordeel uit die totale onvermoë van die gemiddelde Christen om die subtiele kuns van herdefiniëring op die gebied van Bybelse teologie te verstaan*” (Martin, 1997:19). (oorgeneem uit Skrifgesag Deel 1:2009:109,110)

* * * * *

Geref. Kerke in Suid-Afrika van 1890 en verder

Die Gereformeerde Kerke onder die Kruis

Afskeiding van die Gereformeerde Kerke onder die Kruis

Oorsig (vervolg)

Algemene Sinode van die Gereformeerde Kerk en die Kruiskerke

Die Algemene Sinode van die Gereformeerde Kerk het van 6 tot 13 Maart 1913 op Steynsburg vergader, en op die vergadering sou die saak van eenwording van die twee Kerkgroepe behandel moes word (Oberholster, 1956:295). Op die Sinode was ook verteenwoordigers van die Kerke onder die Kruis. Hulle is deur die praeses verwelkom, waarop oudl. Liebenberg geantwoord en gesê het dat hulle geen besondere opdrag het nie, maar dat hulle gekom het om die deputaatskap wat deur die vorige Sinode benoem is, te ontmoet. Die ontmoeting het plaasgevind, en daarna het die deputaatskap sy rapport aan die Sinode voorgelê, waaruit die volgende blyk:

- (1) Ná die eerste ontmoeting met die kommissie van Kerke onder die Kruis, het die deputate die predikante geadviseer om die gemeentes met die bediening van Woord en Sakramente te help.
- (2) Ná die tweede ontmoeting was daar sprake van die inlywing van die Kerke by GKSA kerkverband, en die eerw. Sinode dra reeds kennis van die inlywing van die gemeentes Lindley en Frankfort. By die derde ontmoeting met gemelde kommissie gedurende hierdie sitting, het dit geblyk dat daar in hierdie verband nog 'n paar kleinere besware is, en
- (3) ten opsigte van hierdie laaste adviseer u kommissie nou: (a) dat by eventuele inlywing in ons kerkverband die gemeentes onder die Kruis hulle moet voeg by die respektiewe Algemene Vergaderinge, en (b) dat tot die eersvolgende sittinge van die Algemene Vergaderinge ons predikante, indien daartoe versoek, hierdie gemeentes nog sal bedien met toestemming van die respektiewe kerkrade. Die Sinode het hierdie rapport behandel en dit met dank aan die kommissie goedgekeur. Daarmee was die weg vir verdere onderhandeling met die oog op inlywing by die kerkverband van die Gereformeerde Kerk dus oopgemaak. Hierna is die verdere onderhandelinge deur die afsonderlike Algemene Vergaderinge gevoer.

Algemene Vergadering van die Vrystaat

Met hierdie twee stukke op die sinodale tafe,l kon die Sinode dus direk 'n duidelike beeld van die doel en strewe van die Kerkgroep verkry en dit ook in daardie lig bespreek. Blykens die notule van die vergadering is ná bespreking van die saak besluit om 'n kommissie te benoem ter kennismaking en om op die eersvolgende Sinode te rapporteer. Dit is hierdie kommissie wat vermeld is deur die kommissie vir bediening van die Kerke onder die Kruis op hulle Algemene Vergadering op Strydenburg in Desember 1911 en met wie onderhandel is insake die geestelike bearbeiding van hierdie Kerke. En volgens aanbeveling van hierdie Sinodale deputaatskap moes die Kerke onder die Kruis hulle intussen tog maar weer wend tot die kerkrade vir hulpdienste deur die predikante van die Gereformeerde Kerk. Hulle het egter nie net met die Kerkrade in verbinding getree nie, maar ook met die Algemene Vergaderings. En blykens die besluite wat op die Vergaderings geneem is, moes hulle hulp aanvra by die Kerkrade.

Algemene Vergadering van Transvaal

Op 4 Februarie 1914 het die Algemene Vergadering van Transvaal in Potchefstroom vergader, en daar was ook twee afgevaardigdes van die Gereformeerde Kerk onder die Kruis van Breyten teenwoordig. Op versoek het hulle 'n paar stukke oorhandig, waaruit geblyk het dat daardie gemeente eenparig besluit het om die Algemene Vergadering te vra om opgeneem te word in die kerkverband van die Gereformeerde Kerk in SA. Verder is gevra dat, ingeval die stukke goedgekeur sou word, die afgevaardigdes, oudl. C.S. Grobler en diaken G.J.R. Nel, sitting mog neem in die vergadering. Onder die stukke wat oorhandig is, was ook die sewe artikels wat die gemeente Breyten wou behou as die versoek om in die Kerkverband van die Geref. Kerk in SA opgeneem te word, toegestaan is.

Aan die afgevaardigdes is vrae gestel sodat die nodige inligting verkry kon word, en nadat die saak bespreek is, is 'n voorstel van die volgende inhoud algemeen aangeneem: Die Algemene Vergadering besluit om die versoek van die Gereformeerde Gemeente onder die Kruis op Breyten toe te staan en dit op te neem in die kerkverband van die Gereformeerde Gemeentes in SA soos aangevra is. Wat die gestelde voorwaardes betref, willig die Algemene Vergadering in, sodat die bedoelde sewe artikels in die oorkondes van die gemeente opgeneem kon word as 'n nadere verklaring van die dinge uit die Heilige Skrif waarop die gemeente kragtens sy geskiedenis die nadruk wens te lê. Verder verstaan die Algemene Vergadering die toetreding van die gemeente tot die kerkverband só dat die gemeente alle verpligtinge wat uit die kerkverband voortvloei, sal nakom net soos die ander gemeentes. Nadat die voorstel aangeneem is, het die voorsitter die broeders toegesprek, en oudl. Grobler het daarop geantwoord.

Algemene Vergadering van die Gereformeerde Kerk in die Kaapkolonie

Hoewel die Algemene Vergadering van die Kaapkolonie die eerste te doen gekry het met die Gereformeerde Kerk onder die Kruis, was dit tog die laaste om aandag te skenk aan die opneming van dié gemeentes ná die Sinodebesluit van 1913. Op 7 Maart 1914 het die Vergadering op Molteno byeengekom, en hier was verteenwoordigers aanwesig van drie gemeentes onder die Kruis, naamlik van Strydenburg, Ceres en Clanwilliam.

Volgens die notule het hierdie saak soos volg verloop: Die aansoeke van genoemde drie gemeentes om opgeneem te word in die kerkverband van die Gereformeerde Kerk in SA is ontvang. Die sewe artikels van die Kerkordening is gelees en bespreek (art. 17). Daarna het die Vergadering in komitee (d.i. geslote) gegaan om die aansoeke te bespreek en daarna soos volg besluit: Die Algemene Vergadering besluit om die versoek van die Gereformeerde gemeentes onder die Kruis te Strydenburg, Ceres en Clanwilliam toe te staan en hulle op te neem in die kerkverband van die Gereformeerde Gemeentes in SA soos deur hulle gevra. Wat die gestelde voorwaardes betref, daarin willig die Algemene Vergadering in, sodat die bedoelde sewe artikels in die oorkondes van die gemeentes opgeneem kon word as 'n nadere verklaring van die dinge uit die Heilige Skrif waarop die gemeentes kragtens hulle geskiedenis die nadruk wens te lê. Voorts verstaan die Algemene Vergadering die toetreding van die gemeentes tot die kerkverband só:- dat die gemeentes alle verpligtinge wat uit die Kerkverband voortvloei sal nakom, net soos die ander gemeentes. Hierdie besluit het egter geen betrekking op die kleurlinge wat tot die gemeentes behoort nie (art. 19).

Daarna het die Vergadering weer in die op0enbaar voortgegaan en het die broeders afgevaardigdes van die Gemeentes onder die Kruis weer in die vergadering verskyn, en nadat die besluit aan hulle bekend gemaak is. Hulle het verklaar dat hulle daarmee instem, en is aan die broeders sittingsreg in die vergadering verleen en deur dr. P.C. Snyman 'n woord van verwelkoming tot hulle gerig.

Die gemeente Ceres het net 12 jaar bestaan, want dit het in 1926 ontbind.

Gevolgtrekking

As die behandeling van die aansoeke van die verskillende gemeentes onder die Kruis so nagegaan word, wêk dit die indruk dat alles so maklik gegaan het; tog was daar vooraf 'n ernstige worsteling op die byeenkomste van die gemeentes onder die Kruis. Daar was ook verskil in eie geleedere, want Lindley en Frankfort het reeds te kenne gegee dat hulle gaan aansoek doen om opgeneem te word in die Kerkverband van die Gereformeerde Kerk in SA, maar die ander gemeentes het die saak nog oorweeg. Dit kon egter nie onbepaald voortduur nie, want die Gereformeerde Kerk kon die tydelike hulpverlening nie onbepaald voortsit nie.

Eers op die Algemene Byeenkoms van die Kerke onder die Kruis op 5 Januarie 1914 op Breyten is uiteindelik besluit om die gemeentes onder die Kruis aan te beveel om in die Kerkverband van die Gereformeerde Kerk in SA opgeneem te word. As redes daartoe is genoem:

Die twee kerke is een in leer, diens en tug, en verder ;

Hulle dieselfde belydenisskrifte en kerkordes het.

Maar die Vergadering het ook nog sekere voorwaardes bygevoeg, naamlik waar hele gemeentes opgeneem word, sal die bestaande kerkrade net soos hulle is, voortgaan, soos op Lindley en Frankfort gebeur het. Waar enkele lidmate toetree, moet dit as individue gebeur, en derdens dat die gemeentes onder die Kruis wel mog voortgaan om die sewe Kerkordeartikels te eerbiedig. Dit is die rede waarom al die gemeentes onder die Kruis behalwe Lindley en Frankfort die punt van die sewe artikels in hulle aansoeke genoem het.

Hoewel die Algemene Vergaderings van die verskillende provinsies hierdie versoek insake die Kerkordeartikels bewillig het, was hulle tog bedug dat dit moontlik 'n soort skeiding onderling kon bewerkstellig, en gevolglik is in die geval van Breyten, Hoopstad en die drie gemeentes onder die Kruis van Kaapland bygevoeg:

(i) dat die 7 artikels opgeneem kon word as 'n nadere verklaring van die dinge uit die Heilige Skrif waarop die gemeentes kragtens hulle geskiedenis die nadruk wens te lê, en

(ii) dat die gemeentes in die kerkverband opgeneem word met die uitdruklike verstandhouding dat hulle alle verpligtinge wat uit die kerkverband voortvloei, sal nakom net soos die ander. Daar sou dus nie twee kategorieë van gemeentes in een kerkverband wees nie maar net een.

In die geval van die drie gemeentes van Kaapland, naamlik Strydenburg, Ceres en Clanwilliam, word uitdruklik bygevoeg dat die besluit tot opname nie geld vir kleurlinge wat tot die gemeentes behoort nie. Hier word dus kennelik verwys na 'n toestand in die gemeentes waar blank en nieblank tot dieselfde gemeente behoort het. Soos tevore reeds geblyk het, het die Gereformeerde Kerk se Sinode verklaar dat die soort gelykstelling nie aanvaar kan word nie.

(volgende keer verder)

* * * * *

Jets oor Bybelvertaling en vertalers

Huldreich Zwingli

(1 Januarie 1484 – 11 Oktober 1531)

Huldreich Zwingli is in Wildhaus, Switserland gebore op 1 Januarie 1484. Hy het saam met Leo Jud en ander Switserse teoloë die Zürichse Bybel in Duits vertaal. In 1531 kon die volledige Bybel in Switserland verskyn, wat vandag nog daar gebruik word. Hy ag die gesag van die Bybel baie hoog en verwerp alle kerklike praktyke en seremonies wat nie deur die Woord van God voorgeskryf word nie. In 1525 publiseer hy sy kommentaar oor ware en vals geloof. Hy het 'n groot invloed op Calvyn se denke gehad. Zwingli is op 11 Oktober 1531 oorlede.